
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

**MEI/JUNIE 2024**

**WES-KAAP**

**PUNTE: 40**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommer van die teks wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vraag aandagtig deur voor jy dit beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Kortverhale | (40) |
| AFDELING B: | Drama | (40) |

3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:

   AFDELING A: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   **OF**

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vrae oor die drama (*Perdekrag*) wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 90 minute

   **OF**

   AFDELING B: 90 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INHOUDSOPGAWE**

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het.

| **AFDELING A: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord AL TWEE kortverhale.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. "Om laaste te kan lag" | 20 | 4 |
| | | |
| **EN** | | |
| | | |
| "Die Krismisbokkie" | 20 | 6 |
| **OF** | | |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs die EEN vraag.** | | |
| 2. *Perdekrag* | 40 | 9 |



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING A: KORTVERHALE**

**VRAAG 1: *FEESMAAL* – EA Swanepoel**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "OM LAASTE TE KAN LAG" – Chris Barnard
EN
VERHAAL B: "DIE KRISMISBOKKIE" – Audrey Blignaut

**VERHAAL A: "OM LAASTE TE KAN LAG" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS A**

... Maar dis te betwyfel of hy ooit vir dié instaanwerkies betaal is, want hy sou sommer oornag weer wegraak sonder dankie of verduideliking.

Vriende had hy baie. Almal in die kontrei het hom geken en by almal was hy welkom. Dit moet hy goed geweet het, want hy sou maklik een oggend uit die bloute opdaag, 'n koppie tee bedel, en dan drie maande bly. Maar gee hy oplaas pad, was al die los werkies in en om die huis wat maande ongedaan gebly het, afgehandel. Die messe was geslyp, daardie stukkende stoel was reggemaak, die agterdeur wat altyd so moeilik toegemaak het, kon weer sluit, die skarniere het nie meer gepiep nie, en die buitekamer se dak sou nie meer lek nie.

Oom Apie was nie lui nie.

1.1 Noem EEN van die plekke waar oom Apie instaanwerkies gedoen het. (1)

1.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.2) en die letter (A–D) neer.

" ... want hy sou maklik een oggend **uit die bloute** opdaag ..." (Reël 4).

Dit beteken dat oom Apie ...

A elke oggend sou gaan kuier.
B by verskillende mense sou gaan kuier.
C sou gaan kuier sonder om te laat weet hy kom.
D net vroeg in die oggende by mense gekuier het. (1)

1.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.3.1 en 1.3.2) en die antwoord neer.

Oom Apie was (1.3.1) (hulpvaardig/hulpeloos), want wanneer hy by iemand gebly het, het hy baie los werkies daar gedoen. Maar oom Apie was ook onbetroubaar, want hy het maklik (1.3.2) (sy planne verander/van die werk af weggebly). (2)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.4 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (1.4) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| 'n vergelyking; | klanknabootsing; | 'n metafoor |

Die deur se "skarniere het nie meer **gepiep** nie ..." in reël 8 is 'n voorbeeld van ... (1)

1.5 "Vriende had hy baie. Almal in die kontrei het hom geken en by almal was hy welkom." (Reël 3)

1.5.1 Wat het oom Apie saam met hom gedra as hy so van plek tot plek geloop het? (1)

1.5.2 Waarom het hy dit gedoen? (1)

1.6 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Oom Apie het gereeld <u>kasterolie</u> gesluk om sy maag skoon te hou en gesond te bly. (1)

1.7 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die jeugliefde het oom Apie probeer oorreed om met haar te trou.
- Oom Apie is in sy slaap oorlede.
- Oom Apie se jeugliefde het met iemand anders getrou.
- Die jeugliefde se ryk man het gesterf. (4)

1.8 Oom Apie het 'n baie groot begrafnis gehad, want almal was lief vir hom.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.8.1 tot 1.8.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.8.1 Oom Apie se familie | A ... het nie van al oom Apie se stories gehou nie. |
| 1.8.2 Die verteller se ouers | B ... het altyd geweet waar oom Apie was. |
| 1.8.3 Die jeugliefde | C ... het vir oom Apie raad gegee oor die situasie toe hy iets moes doen wat hy nie wóú doen nie. |
| 1.8.4 Die vrouens in die omgewing | D ... het geweet hy was anders as hulle. |
| | E ... het seker gemaak dat oom Apie altyd netjies aangetrek was. |

(4 x 1) (4)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.9 Waarom kan 'n mens verstaan dat oom Apie nie van geld gehou het nie? (1)

1.10 Waarom kan 'n mens verstaan dat daar so baie stories oor oom Apie was? (1)

1.11 Watter les oor manipulering leer jy by oom Apie se jeugliefde? (1)

1.12 Waarom pas die titel, "Om laaste te kan lag", so goed by die verhaal? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "DIE KRISMISBOKKIE" – Audrey Blignaut**

**TEKS B**

... "Ek gaan wegloop van die ou bliksemse dorp af. Ek gaan plaas toe waar ek kan diere aanhou." Hy vee met sy hempsmou oor sy gesig. "Op die plaas ruik almal na stal," sê hy. "Dis soos 'n mens moet ruik."

Ek hoor voetstappe in die tuinpaadjie, en toe ek opkyk, sien ek dis Pappie wat onder van die motorhuis af kom. Hy het nog sy wit motorjas aan en hy dra 'n platterige kissie.

"Haai, hier kom Pappie," sê ek, bly oor iets wat ek kan sê. "Maar wat het hy dan daar by hom?"

Kleinboet spring op, gooi sy halfgeëte kweper in die magrietbos, vee vinnig met sy vuis oor sy vuil brilglase en sit af na Pappie toe.

Ek loop agter hom aan.

1.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.13) en die letter (A–D) neer.

In reël 1 sê Kleinboet: "Ek gaan wegloop van **die ou bliksemse dorp** af."

Hierdie woorde van Kleinboet sê vir ons dat Kleinboet ...

A gedink het die dorp is baie oud.
B nie van die dorpslewe gehou het nie.
C gedink het daar woon te veel oumense op die dorp.
D gevoel het daar is nie genoeg lekker dinge vir kinders om te doen nie. (1)

1.14 Hoe het die verteller gevoel toe Kleinboet sê hy gaan wegloop? (1)

1.15 Op watter dag van die week het Pappie met die kissie by die huis gekom? (1)

1.16 Kleinboet was baie lief vir die bokkie.

Noem TWEE dinge wat hy vir die bokkie gevoer het. (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.17 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.17.1 tot 1.17.4) en die antwoord neer.

1.17.1 Rietman het weggeraak. Op Oukersdag het ... (getal) kinders 'n bokkie na Kleinboet-hulle toe gebring, want hulle het gedink dit was Rietman.

1.17.2 Die bokkie was baie ..., want die kinders het hom lank gejaag.

1.17.3 Die bokkie wou niks eet of ... nie en het doodgegaan.

1.17.4 Kleinboet het dit eerste vir sy ... gaan vertel. (4)

1.18 Die klein duikertjie was gelukkig dat mense hom gehelp het.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.18.1 tot 1.18.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.18.1 | Die klein duikertjie se ma is in die veld doodgeskiet. | A | Die klein duikertjie het in 'n klein kissie by Kleinboet-hulle se huis aangekom. |
| 1.18.2 | Koos Awie se kinders het die klein duikertjie in die vlei gekry. | B | Die klein duikertjie het in die tuin geslaap. |
| 1.18.3 | Pappie het by tant Sofie gaan kuier. | C | Die duikertjie was heeltemal alleen tussen die riete. |
| 1.18.4 | Kleinboet het dadelik mooi vir die klein duikertjie gesorg. | D | Die klein duikertjie het vet en mooi blink geword. |
| | | E | Die kinders wou vir die klein duikertjie melk gee. |

(4 x 1) (4)

1.19 Die verteller het vir die klein duikertjie die naam Rietman gegee.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.20 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.20.1 en 1.20.2) en die antwoord neer.

Kleinboet wou wegloop plaas toe, want hy wou (1.20.1) (naby diere wees/in die rivier swem). Toe Rietman wegraak, was almal (1.20.2) (vies vir/bekommerd oor) Kleinboet, want hy het heeltemal stil geraak en wou nie eet nie. (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.21 Waarom was dit verkeerd van Pappie om nie te reageer toe Kleinboet vir hom gesê het die bokkie is dood nie? (1)

1.22 Waarom kan 'n mens verstaan dat die verteller nie die aand nadat die bokkie dood is, kon bid nie? (1)

1.23 Waarom laat die slot van die verhaal jou goed voel? (1)

1.24 Watter les oor omgee vir mekaar leer jy by Kleinboet se familie? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 40**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 2: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS C**

| | |
|---|---|
| WILMA: | *(Sarkasties.)* Jy's arm, siestog. So jy mag maar diere mishandel. |
| LUCKY: | Jy was nie daar nie. Jy weet niks nie. |
| WILMA: | Wat jy gedoen het, was afskuwelik. Jy was wreed, jy was krimineel en jy is gevonnis. |
| LUCKY: | *(Skree gefrustreerd.)* So, nou plant julle my hier by Oom Olifant en my little ponies. Waarvoor hoop julle – julle bleddie bleeding hearts? As ek net eers sien hoe oulik hierdie goed hoppity-hoppity met ryk brats op, dan gaan ek sommer skielik diere LOVE. |
| WILMA: | Die magistraat het gevoel dat jy net nog nooit 'n kans gekry het nie – |
| LUCKY: | – en nou dink julle as ek hier rondhang, gaan ek "insig kry in my probleem"? Fat bleddie chance! |
| WILMA: | Die idee is vir jou om te leer. Hierdie perde kan jy nie boelie nie. Hulle sien dwarsdeur jou. |
| LUCKY: | *(Desperaat.)* Wat de hel wil jy hê moet ek doen? |

2.1 "So jy mag maar diere mishandel." (Reël 1)

2.1.1 Hoe het Lucky diere mishandel? (1)

2.1.2 Waar het hy dit gedoen? (1)

2.2 Noem EEN van die ander perde wat saam met Kaizer op Wilma se plaas is. (1)

2.3 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (2.3) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| 'n vergelyking; | klanknabootsing; | 'n metafoor |

"Waarvoor hoop julle – julle bleddie **bleeding hearts**?" in reël 6 is 'n voorbeeld van ... (1)

2.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.4) en die letter (A–D) neer.

In reël 11 sê Lucky vir Wilma: "Fat bleddie chance!"

Met hierdie woorde bedoel Lucky dat ...

A die ryk brats vir Wilma probleme gaan gee.
B Wilma nie kans gaan kry om hom te leer perdry nie.
C hy nie gaan kans kry om met die ponies te werk nie.
D sy tyd op die plaas hom nie met sy probleme gaan help nie. (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.5 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Lucky en sy ma is arm, want mevrou Mhlope kry min geld vir haar werk as <u>onderwyser</u>. (1)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.6.1 en 2.6.2) en die antwoord neer.

In reël 5 skree Lucky vir Wilma, want hy is (2.6.1) (ontevrede/opgewonde) om sy gemeenskapsdiens op die plaas te doen. In reël 14 vra Lucky vir Wilma wat sy wil hê hy moet doen, want hy is 'n kind wat (2.6.2) (hulp/werk) nodig het. (2)

2.7 Die verskillende karakters in die drama het almal hulle eie probleme gehad.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.7.1 tot 2.7.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.7.1 | Binki | A | ... se swaarkry het Lucky so kwaad gemaak, dat hy baie verkeerd opgetree het. |
| 2.7.2 | Sabrina | B | ... het skuldig gevoel omdat Grace geskiet moes word oor iets wat sy verkeerd gedoen het. |
| 2.7.3 | Mevrou Mhlope | C | ... was so besig dat sy nie tyd vir die belangrikste mens in haar lewe gehad het nie. |
| 2.7.4 | Wilma | D | ... het gesukkel om plek te kry waar Lucky sy gemeenskapsdiens kon doen. |
| | | E | ... se persoonlike probleme het haar bang gemaak vir ander mense. |

(4 x 1) (4)

2.8 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Binki het vir Lucky 'n foto van Dukie op haar foon gewys.
- Binki het vir Lucky vertel van Dukie wat in die brand dood is.
- Wilma het vir mevrou Bekker vertel dat Lucky hard gewerk het.
- Lucky het Sabrina se naam op Binki se foon na Ma verander. (4)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.9 Waarom kan 'n mens verstaan dat Lucky gefrustreerd was? (1)

2.10 Waarom was dit reg van Wilma om kwaai met Lucky te praat? (1)

2.11 Waarom kan jy respek hê vir die magistraat wat Lucky gevonnis het? (1)

2.12 Waarom laat die dramaturg (skrywer van die drama) vir Lucky soveel Engelse woorde gebruik? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

| | |
|---|---|
| BINKI: | *(Lag, maar probeer haar foon by hom gryp.)* Nee, man, gee my foon! *(Hulle stoei speels om besit van die foon. Lucky bly voor Binki wegdans. Binki gryp in die lug rond. Die spel word al wilder totdat Binki haar foon by Lucky gryp en Lucky haar speels aan die arm beetkry. In haar haas om weg te kom, skeur die een mou van haar bloes heeltemal los. Sy struikel geskok eenkant toe en probeer haar kaal arm met die ander een toehou.)* |
| LUCKY: | Hel, ek is jammer. Ek wou nie jou klere skeur nie. *(Hy druk die mou lomp teen haar arm terug asof hy dit weer kan aanlas. Hy kyk geskok na die growwe littekens op haar arm.)* Wat's daai? Hei? Wat het met jou gebeur? *(Binki vlug Kaizer se stal blindelings binne.)* Ag nee, moenie huil nie. Ek het jou mos nie seergemaak nie. |

2.13 Waarom wou Lucky Binki se foon vat? Noem TWEE redes. (2)

2.14 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (2.14.1 tot 2.14.4) en die antwoord neer.

2.14.1 Net voordat Lucky en Binki hier oor haar foon gestry het, was Lucky by Kaizer. Hy wou Kaizer met 'n ... slaan.

2.14.2 Kaizer het Lucky gestamp en hy het op die grond ...

2.14.3 Lucky het vir Kaizer van die ... vertel.

2.14.4 Kaizer het sy voorpoot vir Lucky gelig en sy ... teen Lucky se skouer gedruk. (4)

2.15 Wat het Lucky vir Kaizer gegee? (1)

2.16 Hoe het Wilma gevoel toe Lucky vir haar sê wat hy vir Kaizer gegee het? (1)

2.17 Binki het 'n bloes met lang moue gedra omdat sy koud gekry het.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.18 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (2.18.1 en 2.18.2) en die korrekte antwoord neer.

Binki het vir Lucky gevra om haar foon terug te gee, maar hy het aangehou om haar (2.18.1) (bang te maak/te terg). Aan die einde van die drama sien ons dat dit 'n (2.18.2) (positiewe/negatiewe) verandering in Binki se lewe gebring het. (2)

2.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.19) en die letter (A–D) neer.

"*Binki vlug Kaizer se stal* ***blindelings*** *binne*." (Reël 11)

Dit beteken dat Binki ...

A by die verkeerde stal ingegaan het.
B eintlik na Tinkerbelle se stal gesoek het.
C nie langer saam met Lucky wou wees nie.
D deur die trane nie gesien het sy gaan by Kaizer se stal in nie. (1)

2.20 Die twee kinders het albei op 'n goeie manier verander terwyl hulle op Wilma se plaas was.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.20.1 tot 2.20.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.20.1 | Lucky het Binki oor baie dinge geterg. | A | Binki het hard gewerk om matriek te slaag. |
| 2.20.2 | Na die eerste Saterdag op die plaas het Lucky baie gedink oor alles wat daar gebeur het. | B | Lucky het besef dat hy ander mense seermaak as hy praat sonder om te dink. |
| 2.20.3 | Lucky het Wilma 'n "ou dronkie" genoem. | C | Binki het besluit dat sy nie meer haar letsels gaan wegsteek nie. |
| 2.20.4 | Lucky het per ongeluk Binki se bloes se mou losgeskeur. | D | Lucky wou by Wilma weet waarom Wilma "soort van community service" gedoen het. |
| | | E | Wilma het vir Lucky gesê om mooi met Binki te werk. |

(4 x 1) (4)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.21 Lucky "*druk die mou lomp teen haar arm terug asof hy dit weer kan aanlas*." (Reël 7 en 8)

Waarom kan 'n mens verstaan dat Lucky die mou weer teen Binki se arm probeer "aanlas" het? (1)

2.22 Die magistraat het gedink Lucky moes 'n kans kry om met diere te werk.

Waarom kan ons sê dat die magistraat reg was? (1)

2.23 Mense wat hartseer is of probleme het, voel beter nadat hulle daaroor gepraat het.

2.23.1 Watter les het jy hieroor geleer uit Lucky se gesprek met Kaizer? (1)

2.23.2 Watter les het jy hieroor geleer toe Binki met Lucky oor haar ma gepraat het? (1)

**TOTAAL AFDELING B: 40**
**GROOTTOTAAL: 40**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS